DEEL 113 | WEEK 35 | 3 SEPTEMBER 2021 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Dis Heerlike Lente

## die winter is verby!

Die gewilde besighede, OK Grocer, Total Garage en die OK Express is sedert einde Julie onder nuwe bestuur. Albert du Plooy, die nuwe bestuurder, vertel dat kliënte kan uitsien na Septembermaand se groot spaargeleenthede wat die hele maand aangebied gaan word. Dit gaan op ’n verskeidenheid produkte wees, teen spotgoedkoop pryse. Gaan na bladsy 2 vir meer inligting.

Kliënte word ook genooi om gerus van die nuwe koffiemasjien se produkte en heerlike vars donuts by die OK Express winkel te probeer. Dit is ’n lekker nuwe toevoeging! Daar word op die oomblik restourasies aan die geboue en parkeerterrein gedoen, wat die verkeersvloei sal vergemaklik.

Verder word ’n baie nodige Capitec OTM eersdaags geïnstalleer. Die bestuurspan verseker alle kliënte dat hulle steeds net die beste diens, teen die beste pryse kan verwag. Kragaankope word ook vir die kliënte vergemaklik, deurdat hulle dit nou by enige kasregister kan koop en dit met kontant, debiet- of kredietkaart kan betaal. Gaan loer gerus in!




















# OK Foods HEILBRON

**AANBIEDINGE GELDIG VANAF 1 - 30 SEPTEMBER 2021**

**SLEGS TWEE VAN DIESELFDE ITEMS PER PERSOON PER DAG TOEGELAAT TERWYL VOORRAAD HOU**

*Eienaars waarop jy kan staatmaak!!!*

KOOPKRAG IS NOU BY AL ONS KASREGISTERS BESKIKBAAR EN KAN BETAAL WORD MET KONTANT SOWEL AS DEBIET- EN KREDIETKAARTE

# kom SPAAR in SEPTEMBER by OK Foods Heilbron!

**R9.99** ALBANY, BLUE RIBBON OF SASKO 700g WIT OF BRUIN BROOD

**R19.99** CLOVER 2l LAEVET OF VOLROOM MELK

**R39.99** BOKOMO WEET-BIX 900g GESINSPAK

**R49.99** SUNFOIL 2l CANOLA OF SONNEBLOMOLIE

**R19.99** GOLDEN CLOUD KOEKMEEL 2.5kg

**R69.99** RICOFFY 750g BLIK KOFFIE

**R49.99** OMO AUTO 2kg WASPOEIER

**R9.99** COLGATE STANDAARD TANDEPASTA 100ml

**R24.99** SELATI 2kg BRUINSUIKER

**R14.99** RAMA MARGARIEN 500g BLOK

**R39.99** BUSTA 10kg MIELIEMEEL

**R36.99** JJ MALAN BOERDERY LARGE EIERS 30's

# OK Liquor

**R249.99** CASTLE LIGHT 24x 500ml BLIKKIES

**R119.99** OLOF BERGH 750ml BRANDEWYN

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT OK FOODS HEILBRON VANAF 12 SEPTEMBER 2021 OM 17:00 OP SONDAE SAL SLUIT**


INSTANT FREE SHOPPING FOR 58 000 CUSTOMERS WITH SPAR Rewards
HERE FOR YOU
IT'S OUR 58TH BIRTHDAY!
SPAR
BUY ME TO WIN
Coca Cola Original Soft Drink Only 1.5 litre
BUY 4 FOR 55.00
BUY ME TO WIN
SPAR Macaroni or Spaghetti 500 g
BUY ANY 2 FOR 20.00
BUY ME TO WIN
Lay's Potato Chips (Assorted) 120 g
MULTI-BUY Buy any 3 and get R3 off
Rewards Customers Pay 45.00
BUY ME TO WIN
SPAR Long Life Full Cream, 2% Low Fat or Fat Free Milk 6 x 1 litre
78.99 per pack
BUY ME TO WIN
Nescafé Classic, Strong, Brazil, Black Roast or Ivory Coast Jar (excl. Decaf and Doy Pack) 200 g
64.99 each
BUY ME TO WIN
Bokomo Weet-bix Wholegrain Wheat Biscuits 900 g
Get R3 off
Rewards Customers Pay 36.99
Eskort Round or Diced Bacon 200 g
24.99 per pack
BUY ME TO WIN
SPAR Choice Butter Brick 500 g
54.99 each
BUY ME TO WIN
Liqui Fruit 100% Fruit Juice Blend (Assorted) 2 litre
29.99 each
TBWA\Hunt\Lascaris\Durban\SJ43679\91837_390x261_ENG
Exclusive to SPAR Rewards customers
SPAR Rewards Instant Savings
Sign up today. Dial *120*7070#. It's INSTANT!
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) from 31 August 2021 up to and including 5 September 2021, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Not available in Western Cape, Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Upington or Keimoes area, the Lowveld or Belfast area. Prices include VAT.
Find us on /myspar



# WEEK VYF-EN-DERTIG VAN 2021

## UIT DIE PEN

Op 26 Mei was dit internasionale dag vir rooikoppe. Ja, jy is reg. Hulle het hul eie dag.

Ek het al baie op hierdie platform vertel van my rooikopsussie. Ek was ses jaar haar junior. Sy het grootgeword tussen twee boeties en myself, en al drie van ons het bruin hare. Party het nou al grys hare, maar dit was oorspronklik bruin. Al drie van ons het donkerige velle. Sussie nie. Sy het miljoene sproete gehad.

As kind kan ek onthou hoe sy soms in trane by die huis aangekom het omdat die kinders in haar klas haar spot oor haar rooi hare. Ja, selfs in daardie jare is kinders geboelie. Ek het haar altyd so jammer gekry en gewens dat ek ook so 'n dik bos rooi hare gehad het. Ek het sewe bruin hare. Goed, miskien agt. Maar nie so 'n bos soos sy nie. Ek het myself voorgeneem dat ek ook eendag rooi hare gaan hê.

My ma se ouers was die draers van die rooihaargeen. Ek het vier niggies aan moederskant wat ook pragtige rooi hare het.

So stap my ma met klein rooikopsussie in die dorp se (destydse) modesalon in. Die eienaar vra toe: "En hierdie oulike rooikoppie?" Waarop my ma grappenderwys antwoord: "Die buurman, jy weet mos!" En dan lag die twee lekker, want dit was soortvan hulle standaardgroet.

Nie lank daarna nie vryf iemand weer liefderyk oor sussie se haredos en vra waar hierdie rooikoppie vandaan kom. My ma was nie vinnig genoeg met haar knipoog en spot-glimlag nie.

(Ek lees in my nalees oor rooikoppe dat mense dink dat dit geluk bring om oor iemand se rooi hare te vryf.)

"Van die buurman af!" het sy ewe kordaat geantwoord. My ma het elke liewe gespreksgenoot verbied om ooit weer daardie vraag te vra.

Op Universiteit het ek een Saterdagaand my hare rooi gekleur met 'n boksie iets wat ek by die naaste winkel gaan koop het. Sondagoggend kom haal vriend Pieter my oudergewoonte by die koshuis om kerk toe te stap.

"Umm. Wat gaan met jou hare aan?" vra hy versigtig.

"Ek het niks gehad om te doen nie, toe kleur ek my hare."

"Hoor hier, ek dink jy moet nou gou iets kry om te doen." En daarmee was die gesprek afgehandel.

Ons moes in daardie twee weke ons praktiese onderwys by 'n toegekende skool doen. Ek stap toe Maandag met my splinternuwe haredos by die graad 9-klas in. Skandalis Smit, wat heel voor sit, spring in totale verbasing op en skree-vra: "Hey, het juffrou juffrou se hare gedaai?" Nee, jou haas, wou ek skree, kommin mense "daai" hulle hare. Ordentlike mense "kleur" hulle hare.

Ek lees onlangs 'n artikel oor rooikoppe, en gaan soek nog en nog en nog inligting oor hulle. As jy rooi hare het, lees dadelik hier. As jy graag rooi hare wou hê, lees dit ook. En as voorafgaande nie op jou van toepassing is nie, lees dit in elk geval, dit is baie interessant.

Helena van Troje, Afrodite, Adam en Eva se seun Set, Koning Arthur, Koningin Elizabeth I, Winston Churchill, Thomas Jefferson en Farao Ramses II was almal rooikoppe. Die antieke Grieke het geglo dat rooikoppe in vampiere verander wanneer hulle doodgaan. (Gril ek nou!)

Daar word bereken dat net ongeveer 2% van die bevolking rooi hare het. As jy rooi hare en blou oë het, is jou voorkoms onder die skaarste in die wêreld. Minder as 'n miljoen mense op aarde lyk so. Die langste en sterkste baarde wat al ooit aangeteken is, was dié van rooikoppe.

Meeste rooikoppe is linkshandig. En ja, rooikopsussie het dalk nie 'n lekker sterk baard gehad nie, maar sy was linkshandig. Soos ek. Al het ek bruin hare.

Mense met rooi hare het minder hare as die deursnee persoon, maar hulle hare is dikker as blonde- of bruin hare. Hulle raak nie maklik grys nie. Ek dink dis laasgenoemde wat my kop laat draai het rooi hare toe. Klink my dat die pigment in hulle hare nooit grys word nie, maar dit word mettertyd blond en daarna wit, maar nooit grys nie.

Daar is klaarblyklik 30% meer rooihaaraktrises in advertensies as diegene met bruin hare.

Rooikoppe is in die algemeen baie gesonder as hulle verskillend gehaarde vriende. Hulle liggaame kan, byvoorbeeld, vinniger vitamien D vervaardig. Ongelukkig kry hulle makliker velkanker. Maar mans met rooi hare kry minder prostaatkanker as diegene met 'n ander kleur hare. Rooikoppe is meer sensitief vir pynstillers: hulle het 'n natuurlike hormoon wat die funksie van endorfiene (goedvoelhormoon) namaak. Een van die grootste funksies van endorfiene is om fisiese pyn te verminder. Wanneer 'n persoon dan pynmedikasie neem, het hulle baie minder daarvan nodig omdat hulle reeds hulle eie "pynmedikasie" het.

Daar is ook navorsing wat beweer dat rooikoppie meer narkose benodig. Ek het by 'n regte-egte narkotiseur gaan kers opsteek, en volgens haar is die navorsing gebrekkig. Sy behoort te weet, want sy is 'n narkotiseur en die mamma van 'n rooikoptweeling.

Rooikoppie kry makliker Parkinsons se siekte as hulle ander gehaarde vriende, maar ek weet nie in hoeverre hierdie navorsing geverifieer kan word nie. Volgens my effense Googlenavorsing is dit omdat rooikoppe 'n ander manier het om die hormoon, dopamien, in die liggaam vry te stel.

Bye hou meer van rooikoppe as van brunette. Klink my dit is omdat hierdie helder kleur hulle aan mooi blomme herinner. Blykbaar is dit nie die rooi kleur nie, maar omdat die kleur verskillend en helderder is as ander haarkleure, want bye kan nie rooi sien nie.

Ek lees dat die inwoners van Pole glo dat, as jy drie rooikoppe tegelyk sien, jy die nasionale lotery gaan wen. Nou wonder ek net: moet jy dronk of nugter wees om drie van dieselfde te sien?

Baie mense glo dat rooikoppe slimmer is as ander, wat ek goed kan glo.

Maar die mooiste wat ek van hulle gelees is, is dat hulle sproete engelsoentjies is. Is dit nie pragtig nie?

Ai, hoe verlang ek nou na my rooikopsussie.

# PANEEL 20



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*


# DIE AFLEGGING VAN DIE GELOFTE

■ **Quarta Pretorius**

Die aflegging van die Gelofte op 9 Desember 1838 was een van die sleutelgebeurtenisse tydens die Groot Trek. Dit was tydens Andries Pretorius se veldtog teen die uDingane. Die Voortrekkers het in die Gelofte die hulp van God afgesmeek en onder andere onderneem om, indien hulle die oorwinning behaal, 'n kerkgebou tot sy eer op te rig.

Sarel Cilliers staan op die kanon met die naam *Ou Grietjie* met sy hande na bo uitgestrek terwyl hy die Gelofte namens die hele kommando, hulle gesinne en hulle nageslag aflê. Op die voorgrond is 'n vaatjie kruit van dié soort wat die Voortrekkers gebruik het. *Ou Grietjie* was op die voorwiele en onderstel van 'n wa gemonteer en die beeldhouer het dit onder oë gehad. Van die persone wat as modelle gedien het, sluit in Jan Kemp, 'n Boeregeneraal uit die Anglo-Boereoorlog (derde van regs) en JJ Bosman (vir Sarel Cilliers).

***Beeldhouer: Laurika Postma***



# WÊRELD ALZHEIMER'S MAAND

• ***Heilbron Kliniek***

**ALZHEIMER SE SIEKTES**

**Alzheimer se siekte:**

Is die mees algemene soort demensie en word deur spesifieke veranderinge in die brein veroorsaak. Alzheimer se siekte kan enigeen aantas.

**10 WAARSKUWINGSTEKENS:**

**A**lgemene onvermoë om te onthou wat nie aan alkoholmisbruik of hoofbeserings te wyte is nie.

**L**omp en onsamehangende spraak. 'n Persoon vind dit moeilik om voorwerpe uit te ken en gebruik die verkeerde woorde.

**Z**ero of beperkte handvaardigheid. Alzheimer lyers vind dit moeilik om hulself aan te trek.

**H**igiëne. Alzheimer lyers slaan nie ag op hul voorkoms nie en weier soms om te bad.

**E**rg teneergedruk, bang, aggressief - dan weer buitengewoon opgewek of soms baie passief. Wisselinge in gemoedstoestand vind sonder rede plaas.

**I**nkonsekwente oordeelsvermoë. Vreemde gedrag, soos om onderklere bo-oor gewone klere te dra, of om in die openbaar te ontklee.

**M**eeste Alzheimer lyers verdwaal maklik in 'n bekende omgewing soos hulle eie huis en buurt.

**E**nige ou bekende, selfs gesinslede, se naam en voorkoms vervaag of verdwyn.

**R**oep vroeë ervarings op asof dit gister gebeur het, maar vergeet wat 'n paar minute of 'n uur gelede gebeur het.

**S**uspisieus. Verdink of beskuldig ander mense van diefstal of dat hulle dinge wegsteek.

**DEMENSIE**

**Wat is Demensie?**

Demensie is die term vir 'n groep siektes wat die struktuur en chemiese samestelling van die brein affekteer.

**Drie tekens en simptome van demensie:**

1. Geheueverlies
2. Sukkel om te kommunikeer
3. Sukkel om besluite te neem

**Tekens en simptome van demensie:**

• Geheueverlies, Sukkel om te kommunikeer • Besluitnemingsvermoë af • Disoriëntasie, Persoonlikheidsveranderinge.

**Mees algemene vorms van demensie:**

• Alzheimer se siekte • Vaskulêre Demensie • HIV/VIGS verwante demensie • Korsakoff's se siekte as gevolg van oormatige gebruik van alkohol.

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

# Vrouemaand AKSIE

Vroue vanuit die Vrystaat is besig met handelings en aktiwiteite, wat in die lig van Augustus as Vrouemaand, daarop gemik is om kwessies rakende geslagsgeweld aan te spreek.

Die aksie was in die Thabo Mofutsanyana-distrik gefokus nadat die area geïdentifiseer is as die distrik waar die meeste voorvalle aangemeld is. Opsporing van verdagtes wat betrokke was in misdade teen vroue en kinders is op 25 en 26 Augustus hervat. 'n Totaal van 146 verdagtes is gearresteer vir misdade wat insluit: die oortreding van die beskermingsbevel, verkragting, aanranding, seksuele aanranding, *crimen injuria*, intimidasie, diefstal en kwaadwillige saakbeskadiging. Op Vrydag, 27 Augustus 2021, het vroue in blou tesame met SAPD Vroue-netwerk en verkeersbeamptes, padblokkades en stop- en deursoek operasies in Bethlehem geloods. Twee verdagtes, onderskeidelik 27 en 30 jaar oud, is gearresteer vir die besit van koperkabels, nog twee is gearresteer omdat hulle onwettig in die land was en nog twee is gearresteer vir die handel van dagga. Die operasie het geëindig met 'n deur-tot-deur veldtog in gebiede rondom Qwaqwa waar geslagsgebaseerde geweld baie hoog is, en om bewustheid te skep oor sulke voorvalle. Dit volg na 'n voorval waar 'n ma in hegtenis geneem is nadat haar twee kinders en broer met rotgif vergiftig gevind is.

Die provinsiale kommissaris van die Vrystaat, Luitenant-Generaal Baile Motswenyane, wat hierdie operasies en aktiwiteite gelei het, toon waardering vir die pogings van vroue wat die koue weerstoestande trotseer het en die strate ingevaar het vir die bewusmaking van misdade teen vroue en kinders. Tydens die begrafnis van polisiekonstabel Malikotsi Malinga, wat na bewering deur haar kêrel in Reitz vermoor is, het sy gesê: "Laat dit nooit weer vir ons nodig wees om 'n vrou te begrawe wat aan die hand van haar lewensmaat gesterf het nie." Sy het verder gesê dat vroue nie in stilte moet ly nie, maar voorvalle van gesinsgeweld moet aanmeld.






# SKOLE KRIEKET KOOK

Die skool se 0/13 krieketspan het Dinsdag gespeel en hulle wedstryd gewen, met 'n naelbytspel het hulle Laerskool Noordskool met een lopie oorwin. Intussen is graad 5 leerder, Jordan Buitendag (op die foto regs), vir die 0/11A Fezile Dabi Noord krieketspan geskies. Hoërskool Heilbron pronk met verskeie Krieketkonings (en koninging) hierdie jaar!

*Op die foto Agter: Bradley Lubbe, Nythan Kotze, Heinicho Reynolds*
*2de Ry: Jaco Els, Hendrik de Jager, Hanru Steyn, Tersius Roux en Paul de Koker.*
*Voor: Lourens Roux, JC Pretorius (Kaptein) en Dihan J v Rensburg.*





# VINNIGE FEITE OOR SUID-AFRIKA

***• theFACTfile***

Suid-Afrika, amptelik die Republiek van Suid -Afrika (RSA), is die mees suidelike land in Afrika. Dit het 'n oppervlakte van 1,219,090 vierkante km. Die hoofstad is Pretoria en die grootste stad is Johannesburg. Zoeloe, Xhosa, Afrikaans, Engels, Tsonga, Swazi en Venda is 'n paar van die amptelike tale. Die amptelike geldeenheid is die Suid-Afrikaanse rand (ZAR). Die ses lande wat landgrense met Suid-Afrika deel, is Botswana, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Lesotho en Zimbabwe.

- Die langste deurlopende wynroete op aarde word in Suid-Afrika aangetref.
- Dit is die grootste vleisprodusent in Afrika.
- Tafelberg is een van die oudste berge op die planeet.
- Suid-Afrika is die enigste land ter wêreld waar motors met regterstuur deur Mercedes Benz vervaardig word.
- Die Bloukrans-brug is die hoogste brug vir rekspring ter wêreld.
- Die verskeidenheid blomsoorte wat op Tafelberg voorkom, is meer as dié wat in die hele Verenigde Koninkryk voorkom.
- Rovos Rail is die mooiste trein ter wêreld.
- Suid-Afrika se leeu, wildebees, jagluiperd en springbok, is vier van die sewe vinnigste soogdiere op aarde.
- Boulders Beach, Kaapstad, is waar jy kan swem met kolonies Jackass-pikkewyne.
- Met meer as 6 miljoen bome in Johannesburg, word dit beskou as vermoedelik die grootste mensgemaakte bos op aarde.

# BRIEWE VAN ONS LESERS



***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:***

**Ek het iets mooi gelees, en wil dit op die manier oordra:**

**Aan my pragtige vriendin:**
God is jou "sakdoek" as jy huil ...
Hy is jou "hoekie" as jy êrens wil skuil ...
Hy is jou "sambreel" as
hartseer oor jou reën...
Hy is jou "2021" as jy in nood verkeer...
Hy is die "anker" op jou lewenspad...
Hou "altyd" daaraan vas!!!

Daar is so baie mooi dinge om ons om raak te sien, al is dit partykeer deur trane...
Dankie dat jy ietsie mooi in my lewe is!!!

Ek glo jy sal ver bo jou verwagting geseën word. Maak die meeste van vandag en elke dag. Dis nie net vir jou vriendin nie, maar kan gesê en gewens word vir elke dierbare wat na aan jou hart is.

Sy Voetspore is oral. Die Lig in Hom kan nooit blus of uitdoof nie. Dis vir Ewig däár. - *Skrywer onbekend.*

Die lekkerste plek om te wees is in iemand wat omgee se gedagtes. Veiligste plek is in iemand se gebede. Beste plek is in Sy hande. Dan is jy gelukkkig in al drie. - *Skrywer onbekend.*

Ingestuur deur: Heléne Howell

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 2 September 2021 en dui aan Ngwathe het 5 015 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1 292 staan en is daar 25 positiewe gevalle bygevoeg sedert 26 Augustus 2021. Die hele Fezile Dabi distrik het 22 761 bevestigde gevalle aangekondig en vanaf 1 tot 2 September is daar 164 positiewe gevalle aangemeld.

Dit is vandag dag 526 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 787 203 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 82 496 en reeds 2 560 605 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is steeds die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld.




# BRONNIES - KRIEKET KOOK



*Op die foto agter vl: Wessel Steyn, André Viviers, JC Potgieter, Joshua van Wyk, Stefan Steyn, Marnus Labuschagne, Gunter Venner (Kaptein) en Annika Allen. Voor: Willem Brits, Frikkie Kruger, Henre Serfontein, Riaan Joubert en Leboeuf du Plessis.*



*Hoërskool Heilbron se eerste krieketspan het Woensdag teen Hoërskool Vaalpark gespeel en met 100 lopies gewen! Leerder, Gunter Venner, het 'n totaal van 108 lopies aangeteken en is aangekondig as "man of the match". Die span se dogtersspeler, Annika Allen, het die eerste paaltjie verower en self 17 lopies vir die span aangeteken. Marnus Labuschagné is aangewys as die beste "bowler" vir die wedstryd.*

# Gebedsgids

**- Alida, Martha, Maria**

## SEWE BEGINSELS VIR DIE HANTERING VAN KONFLIK

Ons moet almal werk aan die hantering van konfliksituasies in ons eie lewe. Die doel van die volgende aantal riglyne is om jou te help om dit te doen en waar dit moontlik is op 'n liefdevolle en sagte wyse ander te help wat daarmee sukkel. Lees ook deur die riglyne oor hoe om konflik en manipulasie te hanteer. Lees uit die boek Filemon 1 -25.

**1. Nederigheid -** Moenie jou hoër posisie gebruik om voordeel te trek uit hulle wat in 'n laer posisie is nie - Filemon 8-9

*Here, help my om medelye te hê met wie ek 'n konfliksituasie moet oplos.*

**2. Integriteit -** Wees absoluut eerlik oor die probleme waarmee jy worstel - Filemon 10-11

*Here, help my om eerlik te wees sonder om die gevoelens van ander te manipuleer.*

**3. Kwesbaarheid -** Deel die ware gevoelens van jou hart met iemand wat betroubaar is. Waak egter daarteen dat dit tot skinder, kwaadpraat of veroordeling van ander sal lei. - Filemon 12-13

*Here, help my om eerlik en opreg te wees in die wyse waarop ek my hart deel oor konfliksituasies.*

**4. Onderwerping -** Moenie optrede forseer wat nie onder jou beheer is nie! - Filemon 14.

*Here, help my om in geval van konflik my grense te ken.*

**5. Optimisme -** Verwag en dink die beste van die ander persoon - Filemon 14.

*Here, help my om U te vertrou om elke situasie uit te werk, ook in die lewens van diegene wat ek moeilik vertrou.*

**6. Geloof -** Onthou die soewereine hand van die Here - Filemon 15-16

*Here, ek verklaar dat ek U van vandag af vertrou as my Leermeester in konflikbestuur. Leer my U weë.*

**7. Vermaning -** Tel jou woorde.
- Filemon 21

*Vader, help dat my woorde altyd sout en waarheid sal wees wanneer ek ander vermaan in moeilike situasies.*

# BETREKKING


E&E REKENMEESTERS

**Tel: 058 853 0931/2/3**
**Breëstraat 53, Heilbron**

**BELASTINGKLERK**

**VAKATURE**

**Verantwoordelikhede & Vaardighede:**
• Datavaslegging
• Opstel van Finansiëlestate
• Indien van belastingopgawes
• Kantooradministrasie
• MS Office (Word, Excel)
• Rekenaarvaardig
• Goeie menseverhoudings en Kommunikasie
• Akkuraatheid van werk
• Rekeningkundige ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@Heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

**Aansoeke sluit 15 September 2021**






**KASSIERSPOS BESKIKBAAR**

Die posbekleer is hoofsaaklik verantwoordelik vir die kodering van transaksies, ontvangs van betalings, afsluiting en balansering van kontant, bevordering van klanteverhoudings, hulpverlening met voorraadopnames en ander administratiewe take in die winkel.

Die geskikte kandidaat moet eerlik, hardwerkend en rekenaargeletterd wees.

Aansoeke kan afgegee word by Bonus Hardeware of per e-pos gestuur word na bonushardware@skysat.co.za

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 8 September 2021

BONUS HARDWARE



*Winkelure*

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00

***Elsstraat 44, Heilbron***
***Tel: 058 852 3033***




HERALD Sport

# SPEEL MÔRE IN DIE OUTSURANCE LANDSWYE KOMPETISIE

Hierdie maand begin HNA (Handicaps Network) 'n opwindende nuwe gholfkompetisie wat u die kans bied om teen gholfspelers regoor die land te speel!

**Wat is dit?**

Die OUTsurance Monthly Mug is 'n nuwe gholftoernooi met 'n beperkte veld wat GRATIS toegelaat word, waar u met u plaaslike klubkompetisie kan deelneem teen spelers van regoor die land, met groot pryse op die spel.

**Hoe is dit moontlik om teen gholfspelers op ander bane te speel?**

Alle deelnemers speel in 'n individuele Stableford-kompetisie. U berekening van die baan voorgee sal bydra tot die moeilikheidsgraad van die verskillende bowwe by verskillende klubs, en die berekening van speelvoorwaardes pas die tellings aan vir ongunstige weer of baanvoorwaardes – wat beteken dat almal dieselfde kans het om 'n prys te wen as hulle 'n goeie dag het.

**Hoe skryf ek in?**

Dit is baie maklik. Eerstens moet u vir die toernooi aanmeld. U kan dit doen deur aan te sluit by die geleentheid 'OUTsurance Monthly Mug Sep' onder die afdeling "Events" van die HNA toep. Aan die onderkant staan daar "Public Events". Kliek daarop en gaan dan na die omskrywing "OUTsurance Monthly Mug Sep – Multi Clubs"

Nadat u ingeteken het, hoef u slegs u normale rondte gholf op Saterdag te speel (in u klubkompetisie) en seker te maak dat u u gat-vir-putjie-tellings in die afdeling 'Gebeurtenisse' inskryf.

U tellings word opgestel teenoor ander gholfspelers wat op verskillende bane regoor die land speel, met pryse vir die beste geverifieerde tellings, sowel as gelukkige trekkings.

**Naam van geleentheid:** OUTsurance maandelikse beker Sep

**Formaat:** Individuele Stableford

**Wanneer:** Saterdag 4 September 2021

**Veld:** Beperk tot die eerste 5 000 deelnemers wat aansluit

**Toegangsgeld:** Gratis



JAARPROGRAM : 2021
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |




## HEILBRON Duiwenuus




Saterdag se wedvlugte was vanaf Hanover met 'n sterk suidweste wind van agter en het die duiwe die 540 km in net 4 ure en 42 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 2 000 meter per minuut, of sowat 120 km per uur. 'n Mens sou hulle nie met 'n motor kon wen nie.

OJ's Hokke het die wenner in die jongduif afdeling geklok en Frik Viviers die wenner in die ope afdeling.

**HANOVER JO**
1. OJ's Hokke
2. F Viviers
3. OJ's Hokke
4. F Viviers
5. Zenith A
6. Zenith B
7. F Viviers
8. Stemmett Hokke
9. Stemmett Hokke
10. F Viviers

**NOUPOORT OPE**
1. F Viviers
2. F Viviers
3. F Viviers
4. F Viviers
5. F Viviers
6. Koos & Wilné Els
7. OJ's Hokke
8. Crause & Seun
9. F Viviers
10. Stemmett Hokke




BKB Louwid
Die komende week se
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 6 SEPTEMBER 2021
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

WARDEN MARTHINUS LOURENS (EDMS) BPK
9 Saaiplase te huur in die Oos-Vrystaat
12:00, Warden veilingskrale
Kontak Bennie van der Mewe 082 414 4228

DINSDAG - 7 SEPTEMBER 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

WARDEN Vetvee veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

VILJOENSKROON: KROON ANGUS
130 Beeste
11:00, Rosa, Viljoenskroon
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOLMARANSSTAD: NOORD-WES SAVM
38 Ramme
11:00, Skougronde
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

WOENSDAG - 8 SEPTEMBER 2021
BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDAG - 9 SEPTEMBER 2021
FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

PARYS: MODERNE SAVM JONGRAM
60 Rammе
11:00, Parys Afri-Dome
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYDAG - 10 SEPTEMBER 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT: PREISS & KOCK
35 Merino ramme
11:00, Royal Auction Centre
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

SATERDAG - 11 SEPTEMBER 2021
PARYS: NASIONALE BRAHMAN
60 Uitgesoekte diere
11:00, Afri-Dome
Kontak Piet Wessels 082 657 7827

BKB Louwid
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za